

BOEKRESENSIES

John N Oswalt, *The book of Isaiah. Chapters 1—39* (The New International Commentary on the Old Testament), W B Eerdmans, Grand Rapids, Michigan 1986, 746 pp. Prys ± R84,00.

Die kommentaar van J N Oswalt, hoogleraar aan die Trinity Evangelical Divinity School, Deerfield, Illinois, is bedoel om die eerste volume van twee oor die boek Jesaja te wees.

Die kommentaar bestaan basies uit twee hoofdele: 'n **Inleiding** (tot by bladsy 76); en die grootste deel van die uitvoerige werk bestaan uit 'n **gedetailleerde kommentaar** op Jesaja 1—39 (pp 77—746). Die belangrikste sake waaraan in die inleiding aandag gegee word, is: die historiese agtergrond en datering van die boek; die outeurskap; die teologie; die belangrikste interpretasieprobleme (d.i. die eenheid van die boek, die belangrikheid van voorspellings, die identiteit van die kneg van die Here); die funksie van die boek Jesaja binne die totale Kanon en ten slotte 'n baie volledige bibliografie van die boek Jesaja.

Die kommentaar is baie uitvoerig en daar word 'n gedetailleerde vers vir vers verklarings gelewer. Dit is totaal onmoontlik om hier selfs 'n opsomming te gee van die inhoud van die kommentaar. Daarom volstaan ek met enkele basiese kenmerke van die boek. Oswalt plaas 'n baie hoë premie op die eenheid, nie net van Jesaja 1—39 nie, maar op die **eenheid** van die hele boek Jesaja (d.i. 1—66). Dit is sodanig is 'n positiewe ding want die boek Jesaja is en word dikwels baie versnipper vanuit histories-kritiese kringe. Die manier waarop Oswalt die eenheid verdedig, lok egter ernstige kritiek uit: Komende uit die kringe van die sogenaamd "Evangelicals" uit die VSA hou Oswalt op fundamentalistiese wyse vas aan die Jesajaanse outeurskap, nie net van Jesaja 1—39 nie, maar van die hele boek Jesaja. Oswalt sien veral Jesaja 40—66 as voorspellings. Dié krampagtige vashou aan die Jesajaanse outeurskap en eenheid van die boek gooi 'n skadu oor die hele kommentaar. In die lig van veral die afgelope eeu se navorsing op die boek Jesaja is so 'n standpunt net nie meer houdbaar nie.

Nogtans bied die kommentaar baie stof tot nadenke. Saam met die ander kommentare in dié reeks is daar 'n goeie balans tussen die akademiese en die homiletiese fasette. Indien die kommentaar op kritiese wyse gebruik word sal dit tot veel nut wees vir sowel student as pastor. Daar lê 'n magdom inligting opgesluit in dié kommentaar.

W S Prinsloo

A B du Toit (ed.), *Guide to the New Testament V*, NG Kerkboekhandel, Pretoria 1985, 241 pp. Prys R24,50.

This series is clearly intended to meet the needs of the undergraduate student in Biblical Studies, and the present volume is eminently suited to these needs. Volume V deals with the corpus Paulinum and covers the introduction and theology thereof. It contains a mass of useful information drawn from a wide range of available literature.

Although the authors frequently explain theological terms employed, it is felt that this aspect is not always adequately dealt with. There appears therefore to be a need either for a glossary of terms or else more adequate explanation in the text of the terms as they are employed. Students frequently lack the background which their lecturers take for granted! For example, p. 188 Lategan speaks of the "Hellenistic concept of a pneumatic heavenly being." Words like "synthesis", "existential interpretation" (p. 190) etc. assume a measure of philosophical background of which it is doubtful whether a first year student would be sufficiently aware.

PART A. Deals with an orientation to the Pauline Letters and also with Pauline Christology.

PART B. Covers the usual data of introduction science such as date and place of origin of each letter, authorship, addressees, structure, etc. The Pastoral Epistles are regarded by Pelsner as possibly Pauline, but more probably pseudonymous. Perhaps Pelsner does not sufficiently define the term "pseudonymous" a term which clearly refers to a literary genre that has certain special characteristics not limited to vocabulary and style. The question is, do the Pastorals show evidence of these other characteristics? Naturally, the solution to the problem is complex and the author has commendably avoided a dogmatic attitude. He hastens to add that the probable pseudonymity of the Pastorals does not affect their authority as biblical literature (p. 167), something he does not explain sufficiently and which will doubtless leave some questions unanswered in the student's mind.

PART C. Is concerned with the theology of Paul's letters and it was gratifying to find a section on the Pauline Ethic included.

I found Lategan's historical survey (p. 187—193) an excellent and concise background to this section on Theology and one that provides the student with a very useful perspective in dealing with the whole subject of Pauline Theology.

In sum, it may be said that the authors have somehow managed to combine both scholarship and readability, notwithstanding the above comment regarding the need for explaining theological terms. The reader's interest is maintained throughout.

The table of contents is very clear and is supported by a good marginal cross reference system. The headings, though clear, at times seem to be too numerous. They do not make for an easy flow in reading, nor do they aid the student in his memorization of the material. Nonetheless, the book which is well representative of the various schools of thought current in New Testament studies will be a most useful aid to the student, and is ideally suited as a classroom text book. In this sense it should serve for several years to come.

This reviewer is especially heartened to see such a book, compiled by South African Scholars, made available to South African students. It is his conviction that the book will find acceptance overseas as well.

J S Wiid

B C Lategan, *Die Brief aan die Galasiërs*, NG Kerk-Uitgewers, Kaapstad 1986, 117 pp. Prys R12,50.

Die populêr-geskrewe, bondige kommentaar van prof Lategan, geskrywe in opdrag van die NG Kerk se Kommissie vir Bybelverklaring en Bybelvertaling, is gerig op die nie-teoloog, maar bevat veel lesenswaardigs ook vir die teoloog. Die rede hiervoor is die feit dat prof Lategan reeds geruime tyd besig is met navorsing op Galasiërs en hier as't ware die pitkos aanbied. Die kommentaar is helder en pakkend aangebied. Die skrywer probeer met grote noukeurigheid Paulus se gedagtegang volg. Hy gaan in op omstrede kwessies en handhaaf steeds 'n hoë standaard.

Plek-plek sou 'n mens 'n meer volledige bespreking wou gehad het. Die skrywer maak byvoorbeeld nie 'n keuse t o v die ontvangers van die brief ten gunste van die landskaphipotese of die provinsiehipotese nie. 'n Keuse bly 'n waagstuk, maar die tweeslagtigheid van nie 'n keuse te maak nie, skep miskien vir die leser nog 'n groter probleem. Die bondigheid van die bespreking van die verhouding tussen Handelingen en Galasiërs laat 'n

verwarrende indruk. Is dit uiteindelik die Handeling 9-besoek of die kollektebesoek van Handeling 11 wat in Galasiërs verswyg word?

'n Mens sou t o v die briefindeling sekere vrae aan die skrywer wou stel.

'n Goeie saak sou byvoorbeeld uitgemaak kon word dat die gedeelte 1:13 tot 4:31 nouer saamhoort as wat by Lategan weerspieël word, omdat dit in hierdie hele gedeelte gaan om Paulus se bewysvoering dat daar geen ander evangelie is nie.

Verder sou 'n mens graag meer konkrete inligting oor die indeling van die brief t o v die destydse briefprotokol wou verneem. Is 1:6vv byvoorbeeld 'n soort parodie op die gebruikelike briefdanksegging of is dit reeds die sogenaamde "body-opening"?

Ten spyte van hierdie paar opmerkings is hierdie werk van hoë gehalte en kan dit met groot vrymoedigheid veral deur nie-teoloë gebruik word. Dit is verbasend dat in hierdie tyd van hoë kostes soveel kwaliteit teen so 'n lae prys aangebied kan word deur die betrokke uitgewer.

A B du Toit

E P Groenewald, *Die Openbaring van Johannes*, NG Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 1986, 227 pp. Prys R22,00.

Hierdie verklaring van Openbaring maak deel van die nou reeds baie bekende "swart" reeks uit. Die projek word deur die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk se Kommissie vir Bybelvertaling en -verklaring onderneem. Prof F J Botha het aanvanklik verantwoordelikheid vir die skryf van die kommentaar aanvaar, maar na sy afsterwe het die mantel op die ervare en gerespekteerde dr E P Groenewald geval.

Die kommentaar volg die tipiese styl van die reeks. Dit bied 'n inleidende en 'n verklarende gedeelte. In die inleidende gedeelte word daar aandag geskenk aan sake soos die skrywer, tyd van ontstaan, die besondere karakter en struktuur van die boek en so meer. Daarna volg 'n sistematiese en vers-vir-vers verklaring van Openbaring.

Dit is dan ook juis die deeglike maar tog duidelike wyse waarop die teks van Openbaring vir die leser ontsluit word wat aan die kommentaar 'n besondere waarde en bruikbaarheid verleen. Veral vanweë die talle misverstande en soms moedswillige verkeerde verklarings van Openbaring is 'n kommentaar soos die wat 'n lidmaat met **vertrou** kan optel en lees, baie nodig. Dit sal die taak van die leraars ook baie vergemaklik — hulle kan hul lidmate met vrae, met die grootste vrymoedigheid na die kommentaar verwys.

Die standaard van verklaring is vir die doel van die reeks goed. Soms is daar gevoel dat 'n bietjie meer verklarende inligting nuttig sou kon wees en meer van die nuwer insigte rondom Openbaring benut kon word. Tog doen dit nie afbreuk aan 'n baie nuttige toevoeging tot ons Afrikaanse geestelike boekery nie. Dit kan sonder twyfel aanbeveel word vir enige belangstellende in Openbaring.

J G van der Watt

C Breytenbach (red.), *Eenheid en Konflik*. Eerste beslissinge in die geskiedenis van die Christendom, NG Kerkboekhandel, Pretoria 1987, 176 pp. Prys R19,75.

Die vroeë Christene was nie engeltjies sonder foute nie. Hulle het hul verskille gehad. Soms was die aard van die verskille en noodwendig die gevolge daarvan byna vernietigend vir die jong kerk. Tog het die salf van genesing en wyse raad uit die mond van die apostels (of mense wat na aan hulle gestaan het) nie ontbreek nie. Vir konflik is daar oplossings en die

regte oplossings sal die eenheid waartoe Christene geroep is, uit die bouval van konflikte laat herrys — daarvoor gaan **Eenheid en Konflik**.

In hierdie bundel opstelle deur van ons land se mees vooraanstaande Nuwe-Testamentici (met twee uit ander dissiplines) word die konflik wat daar in die vroeë kerk geheers het, belig. Uit die geskrifte van Paulus, Jakobus, Johannes en Lukas word die leser op 'n lewendige wyse aan die situasies in die vroeë kerk waaruit die konflikte ontwikkel het, bekend gestel. Dit is dan ook die besondere eienskap van die bundel opstelle. Soos uit die opstel van C Breytenbach blyk, word daar gepoog om die leser met die mense en omstandighede van die betrokke gemeente bekend te stel. Van daaruit word die konflik asook die oplossing dan verstaanbaar gemaak. B Lategan se opstel kan ook spesiaal in die verband vermeld word.

Die gehalte van die opstelle is hoog, hoewel die kwaliteit en aanbidding daarvan wissel. Van die meeste kan met lof gepraat word, hoewel daar bv van die opstel oor Jakobus meer verwag is. Kleiner probleme soos drukfoute kom in sommige opstelle voor, maar hinder nie.

Die eenvoudige aanbidding van belangrike en soms moeilike teologiese gesigspunte, gekombineer met die aktualiteit van die onderwerp, maak van hierdie bundel opstelle 'n waardevolle toevoeging tot ons Afrikaanse teologiese boekery. Dit behoort gelees te word!

J G van der Watt

W H Velema, *Wet en Evangelie*, Kok, Kampen 1987, 195 pp. Prys 32.50 gulden.

Die bekende etikus van Apeldoorn het met hierdie boek 'n lang gekoesterde ideaal en belangstelling konkrete vorm gegee. Hy deel mee dat die tema wet en evangelie hom vir 'n lang tyd reeds boei, en dat hy hiermee aan sy belangstelling finale uiting kon gee. Wet en evangelie is vir hom nie twee sake wat ná mekaar verstaan kan word nie, maar wel inmeekaar sodat hy in hierdie studie die besondere inmeekaar van wet en evangelie sistematies en prakties wil verstaan sonder om die integriteit van die besondere verhouding enigszins te skend.

Om die tweehed van wet en evangelie uit te brei tot die drieheid van wet-evangelie-wet loop hy 'n lang pad. Nie alleen ontleed hy die begrippe afsonderlik en lê daarna verband met mekaar nie, maar probeer ook om hulle plek en funksie ten opsigte van die heil te bepaal. In die proses gee hy uiteraard aandag aan verskillende verbandhoudende probleme soos o.a. die Skrifberoep in die etiek en die heilsorde, en bespreek ook verskillende teoloë se sieninge oor sy tema. So kom aan die orde Karl Barth, en kritiek vanuit Lutherse kant op Barth. Althaus, Brunner en Thielicke, maar ook Calvyn, Ridderbos e.a. teoloë word onder die loep geneem. Dit is egter van die begin af duidelik dat die skrywer nie nêr 'n eksegeties-dogmatiese belangstelling het nie, maar dat hy telkens wil deurstoot na die praktyk van die prediking en die Christelike handeling.

Steeds keer die gedagte terug dat die wet ons die adres voorsien aan wie die evangelie gebring moet word. Die evangelie weer het as kern die bevryding van die verknegtende mag van die wet. Daarmee is die wet nie afgeskaf nie, want vir die lewe in die koninkryk is gehoorsaamheid aan die wet noodsaaklik. Die diepste bedoeling van die wet kom in Jesus Christus se leer en lewe tot openbaring, en daarmee is die onmisbaarheid van die wet dan ook duidelik geponeer. Sonder twyfel is die wet die reël vir die verkeer van die mens met God en met mekaar. Want met sy wet orden God ons lewe en stel Hy ons lewe onder die septer van sy heilige wil.

In hierdie vloeiend geskrewe boek, soos ons trouens van Velema al gelees het, is is gehoorsaamheid aan die Skrif die deurslaggewende norm. Waar h/ dit nodig vind, verskil

hy selfs van Calvyn, omdat hy meen dat die Skrif beter en helderder anders verstaan moet word. Dat die skrywer op bepaalde punte ook van my verskil, sal my nie verhinder om hierdie boek van harte aan te beveel nie. Hierin is werk van goeie gehalte gelewer.

J A Heyns

J P Oberholzer, *Die Heidelbergse Kategismus* in vier teksuitgawes, met inleiding en teksvergeelyking, Kital, Pretoria 1986, 192 pp. Prys R24,00.

Hierdie werk deur die hoogleraar in Ou Testament in die Teologiese Fakulteit, Afdeling A, aan die Universiteit van Pretoria, is die resultaat van 'n stuk voorstudie wat gedoen is met die oog op navorsing na die Skrifgebruik in die Heidelbergse Kategismus. In die inleiding skets Oberholzer die ontstaansgeskiedenis van die Kategismus. Hy wys ook op die latere invoeging van die huidige vraag 80 en uitbreiding op vraag 36, die latere verdeling in lectio's en Sondagsafdelings en nummerering van die vrae.

Die vier teksuitgawes wat weergegee word, is die *Catechismus oder christlicher unterricht* 1563; *Catechesis reiigionis christianae* 1563; *Catechismus ofte onderwysinghe in de christelike leere* 1611; *Die Heidelbergse Kategismus of onderwysing in die Christelike leer* 1982.

In dié volgorde word elke afsonderlike vraag in die vier vertalings gegee en dan die verskillende antwoorde. Die lang sinne word telkens in kleiner sinseenhede opgebreek sodat die leser die vier vertalings sin vir sin met mekaar kan vergelyk. Aan die einde van elke antwoord word die verskillende teksverwysings aangegee en dit is interessant om op die onderlinge verskille te let.

Ten slotte is daar twee indekse naamlik van die vernaamste woorde en ook van skrifverwysings. Veral laasgenoemde is baie nuttig en met 'n oogopslag kan dadelik gesien word watter skriftekste gebruik word in die verskillende vrae van die kategismus.

Ons is baie dank aan prof Oberholzer verskuldig vir hierdie uiters nuttige werk wat deur alle belangstellendes in ons belydenisskrifte ywerig bestudeer sal word.

C F A Borchardt

J H van Wyk, *Gesindheid en Gestalte*, NG Kerkboekhandel, Pretoria 1986, 239 pp. Prys R17,55.

Die skrywer, hoogleraar aan die Gereformeerde Teologiese Skool te Hammanskraal, sê in sy voorwoord dat wat hier aangebied word 'n aantal artikels is wat meestal op aanvraag oor 'n periode van meer as tien jaar geskryf is. Hier moet dus nie 'n sistematiese behandeling van die vak etiek verwag word nie. En tog deel die skrywer wat hy te sê het, in 'n logiese geheel in: hy begin met 'n aantal voorvrae oor die etiek, bied iets aan oor die etiek van Luther, behandel probleme uit die veld van die mikro-etiek, soos o.a. Sondagsviering, huweliksetiek, die etiek van dans, kuns, getuigskrifte, nudisme, enkele temas ook uit die makro-etiek soos die probleem van die regverdige oorlog, ekologie, etiek en politiek, dan volg 'n opstel oor die etiek en die pastoraat en ten slotte etiek en eskatologie.

'n Groot verskeidenheid aktuele sake word dus onder oë geneem. Ons het dit reeds geïmpliseer: die krag van hierdie bundel lê nie in sy sistematisering nie, ook nie in die feit dat die allerjongste publikasies geraadpleeg is nie, maar in die helder en duidelike skryfstyl, die dwingende krag van sy logiese redeneerwyse, en veral in die ewewigtige standpuntname oor delikate aangeleenthede. Dit alles word gedra deur 'n diepe oortuiging dat uit-

sprake oor etiese aangeleenthede dan alleen waar en aanvaarbaar is, wanneer dit volledig in die Skrif begrond kan word.

Juis hierdie oortuiging van Skrifbegroning gee aan die geheel tóg 'n innerlike sistematiek: telkens kom die skrywer terug op en ontwikkel sy gedagtes vanuit die sentrale Bybelse tema van die koninkryk van God. Indien die skrywer daartoe sou kom, wat ons almal hoop, dat hy 'n omvattende etiek gaan skrywe, sal dit goedskiks 'n koninkryksetiek genoem kan word. Ons wil hierdie boek dan ook van harte aanbeveel nie alleen by etiek-studente nie, maar by almal, predikante en lidmate, wat duidelike Skrifbeginsels oor aktuele etiese onderwerpe verlang.

J A Heyns

Johan J van Rensburg, *Nie deur Geweld*, NG Kerkboekhandel, Pretoria 1985, 73 pp. Prys R5,50.

Hierdie boekie van dr. Johan J. van Rensburg is 'n populêre weergawe van sy doktorsale proefskrif wat in 1979 aan die Universiteit van Stellenbosch ingehandig is. In 73 bladsye word 'n historiese perspektief op revolusie gebied, revolusie word met ongeloof in verband gebring, vervolgens word die teologiese hoop en revolusie, asook die teologie van die revolusie, swart teologie en die teologie van die bevryding behandel, en dan word met 'n teologiese beoordeling afgesluit. Aan die einde van elke deel word in 'n paar reëls 'n opsomming gegee wat opgevolg word deur 'n lang literatuurlys.

Dit is nie die eerste boek van dié soort in Afrikaans op die mark nie. Baie populêre en oorsigtelike boeke het al oor die onderwerp verskyn, en die behoefte bestaan miskien eerder aan 'n boek wat in meer diepte bepaalde aspekte van byvoorbeeld die bevrydings-teologie met die oog op die Suid-Afrikaanse situasie bespreek.

Alhoewel die indruk gewek word dat elke rigting objektief weergegee word en daar eers aan die einde van die boek 'n beoordeling geskied, is dit nie so nie. Die wyse waarop standpunte uitgestal word, dui op 'n voorafbepaalde standpuntinname. Die boekie is uiteraard baie oorsigtelik geskryf met die onafwendbare gevolg dat standpunte vereng word. 'n Mens kan aanvaar dat die oorspronklike werk meer genuanseerd was, maar dit het met die verpopularisering verlore gegaan. 'n Mens vra jousef af of die wyse waarop in 'n paar reëls oor byvoorbeeld Rousseau, Hegel, Moltmann ensovoorts gepraat word, nie meer kwaad as goed doen nie, aangesien 'n totale teologie of filosofie nie in 'n paar reëls, wat boonop negatief gekleur is, saamgevat kan word nie. Daarbenewens is dit opmerklik dat die anti-revolutionêre standpunte van Stahl, Kuyper en Groen van Prinsterer redelik positief beoordeel word sonder om krities na hulle Skrifgebruik of maatskappykritiek te kyk. In 'n situasie soos dié waarin ons in Suid-Afrika verkeer, is dit miskien gevaarlik om mense met ooreenvoudige "waarhede" te voed, aangesien daar alreeds so 'n groot kloof tussen mense bestaan. In so 'n situasie het ons juis begrip vir mekaar se standpunte, en die omstandighede wat daartoe aanleiding gee, nodig. So 'n werk mag die bestaande vooroordeel en verwydering dalk net verder verskerp.

Dit val ook vreemd op dat waar die outeur hom aan die begin sterk teen die filosofiese gedagte van verandering, beweging, dialektiek en hoop laat hoor, hy tog aan die einde die feit van verandering nie ontken nie (p. 61).

Die outeur spreek hom uit teen geweld en laat geweldlose verset net onder bekom, maar werk dit self nie uit nie. Die gebruik van Mt 4:9,10 waar Jesus Satan se versoeking om al die koninkryke van die wêreld te ontvang, verwerp, lyk vir my nie bruikbaar as getuie teen die revolusiegedagte nie. Dit is ook moeilik om te sê of Jesus die samelewing van sy tyd ondersteun het of relatiewe het. Waarskynlik het Hy, soos Barth aangedui

het, beide gedoen (vgl. p. 37—8). Of ons dialoog met ander groepe, byvoorbeeld Marxiste, moet nalaat omdat II Kor 6:14 sê dat ons nie met ongelowiges in dieselfde juk moet trek nie (p. 65), is te bevrage. Dit sou die einde van vele ekumeniese pogings, vredesinisiatiewe en pogings tot dialoog ophef.

Die outeur spreek hom uit teen geweld en laat geweldlose verset net onder bepaalde omstandighede toe (p. 68—9). Ons kan almal saamstem met die afwysing van geweld, maar dit laat die vraagstukke van 'n moderne samelewing met sterk revolusionêre potensiaal, soos dié waarin ons leef, onbeantwoord.

Die gebruik van onaanvaarde afkortings soos BP, ST, GV, TvB vir "Black Power", "swart teologie", "geweldlose verset", "teologie van bevryding" ensovoorts steur die vrye leesgang.

Die boek bied dus 'n inleidende oorsig aan in revolusionêre rigtings wat in 'n groot mate buite Suid-Afrika ontspring het. Tog het hierdie rigtings 'n belangrike invloed op die Suid-Afrikaanse situasie en kan dit 'n goeie basis bied waarop gesprek voortgesit kan word. Dit vereis egter openheid en 'n relativering van vooropgestelde menings aan beide kante.

C W du Toit

W.R. Estep, *Renaissance and reformation*, W B Eerdmans, Grand Rapids, Michigan 1986, 331 pp. Prys 19,95 dollars.

Die skrywer is professor aan die Southwestern Baptist Theological Seminary, Fort Worth, en *The Anabaptist Story* het ook reeds uit sy pen verskyn. Die vyfhonderdjarige herdenking van Luther se geboorte het hom geïnspireer om 'n nuwe poging aan te wend om die hervorming in sy regte historiese konteks te plaas.

Die eerste vyf hoofstukke handel oor die kerk in die middeleeue, die Italiaanse renaissance, renaissance kuns en kunstenaars, die noordelike renaissance en die pogings tot hervorming deur Wiclif en Hus. Breedvoerig word aandag gegee aan Wiclif se lewensloop, sy belangrikste teologiese denke oor rentmeesterskap, die Bybel, die kerk, eucharistie, priesterskap en pousdom. Die Lollards en Hus kom ook aan die beurt en Hus se afhanklikheid van Wiclif word ook bespreek. 'n Volgende hoofstuk handel oor Erasmus en sy volgende.

Hoofstuk 7 behandel toestande in Europa teen ongeveer die jaar 1500. Die betekenis van die uitvinding van die drukpers, die politieke omstandighede (opkoms van die nasies), omwentelinge op maatskaplike gebied, die konsiliêre beweging, die pousdom en die haglike toestande binne die kerk word geskets. Al die voorafgaande bied dus die agtergrond waarteen Luther opgetree het.

In hoofstuk 8 word Luther se lewensloop tot die gebeure by Worms geskets. Daar is heelwat aanhalings uit Luther se werke en dit dra daartoe by om die vertelling baie lewendig te skilder. Hoofstuk 9 is getitel "nuwe wyses vir nuwe wyn" en Luther se konfrontasie in Wittenberg, die boere-opstand, Ryksdae en Spiers en Augsburgse belydenis word bespreek.

Hoofstuk 10 handel oor Zwingli die humanis wat hervormer geword het terwyl die volgende hoofstuk die skeiding van die weë skets, naamlik die tweede gesprek van Zwingli in Oktober 1523, die opkoms van die Anabaptiste, Zwingli en Luther se ontmoeting te Marburg en Zwingli se einde tydens die slag te Kappel.

Die Anabaptiste word uiteraard baie simpatiek deur die skrywer behandel. Die ontstaan van die "linkervleuel van die hervorming" (Bainton) of "radikale reformasie" (Williams) word breedvoerig geskets, hul martelaarsgeskiedenis vertel en die Anabaptistiese teologie bespreek. Estep sien die wese van die Anabaptisme in die feit dat hulle probeer het

om 'n kerk van gelowiges daar te stel. Hulle erken die gesag van die Skrif maar soek die riglyne vir die kerk en die Christelike lewe in die Nuwe Testament alleen. Volgens hulle is die Ou Testament misbruik om staatskerke en die vervolging van kettere te regverdig. Estep besluit dat hulle kerkgeloue aan die beweging sy unieke karakter verleen het (bl. 220).

Calvyn en die lotgevalle van die protestantisme in Frankryk kom in hoofstuk 13 aan die orde. Op bl. 247 beweer die skrywer dat tot 70 000 Protestante tydens die Bartolomeusnaggebeure omgekome het. Hierdie hoë syfer het ek nog nie elders teëgekomen nie. In die volgende hoofstuk word die hervorming in Engeland bespreek. Die wel en weë van die kerk wat so nou verbonde was aan die gesindheid van die regerende vors word in al sy felheid geteken. Aangrypend is aanhalings uit 'n tweegesprek wat die sestienjarige Jane Grey vier dae voor haar onthoofding gehad het met 'n Rooms-Katolieke wat gestuur is om haar te probeer oorrede om haar geloof af te sweer. Sy gee blyke van 'n standvastige geloof en in haar eenvoudige antwoorde toon sy 'n baie goeie begrip te gehad het van die ware betekenis van herverlewing die nagmaal.

Die Roomse herlewing kom in hoofstuk 15 aan die beurt. Daaronder hoor ons van Contarini, die godsdiensgesprekke met die Protestante, nuwe monnikordes en die konsilie van Trente wat gelei het tot die oorwinning van die Pouslike beleid binne die Roomse Kerk. Die slothoofstuk getitel "konflik en verandering" handel oor Spanje en die Schmalkaldiese oorlog, Spanje en die stryd in die Nederlande, die teologiese twis wat aanleiding gegee het tot die sinode van Dordt en ten slotte 'n kort beskouing oor die Calvinisme in Skotland.

In 'n kort epiloog meen Estep dat die hervorming die mens in die sestiende eeu gebring het tot 'n herwaardering van die evangelie. Dit het gelei tot 'n nuwe begrip van vryheid en 'n noukeurige ondersoek na die betekenis van die sakramente. Die versoeking om wanneer die bron van geestelike vitaliteit begin opdroog, terug te val op die vleeslike arm om die stryd van die Here uit te veg, is deur die verloop van die hervorming bewys 'n valse hoop te wees (bl. 316).

Daar is 'n paar nuttige kaarte, 'n hele aantal goedgekose illustrasies en 'n kort bibliografie. Estep het kennis geneem van die nuutste navorsing en verwys in voetnote na die verskillende standpunte en interpretasies. Hy haal ook dikwels primêre bronne aan en laat op dié wyse die leser met die oorspronklike geskrifte kennis maak. Die boek is 'n betroubare gids oor die belangrike tydperk in die kerkgeskiedenis en ek hoop dat menigeen dit sal bestudeer.

C F A Borchardt

Bassam M Madany, *The Bible and Islam. Sharing God's Word with a Muslim*, IRS Wetenskaplike Bydraes PU vir CHO, Reeks F2, No 37, Potchefstroom 1987, 80 pp. Prys R5,50.

Hierdie is geen handboek vir die spesialis nie maar 'n praktiese handleiding vir die gebruik van werkers onder Moslems.

In die eerste deel word voorbeelde gegee oor hoe die evangelie as blye nuus aan Moslems oorgedra kan word. Die skrywer is 'n gesoute sendeling wat vir meer as 20 jaar boodskappe oor die radio na Moslems uitgesaai het. Hy het sy eie metodes van Bybelonderrig ontwikkel wat ook vrugte afgewerp het.

Hy beklemtoon sterk dat die Bybel slegs een blye boodskap verkondig in al sy verskillende boeke. Die Bybel het nie 'n veelheid van evangelies nie. Hy gee dan praktiese voorbeelde van Skrifaanbieding vir Moslems en illustreer dit aan die hand van die volgende: die blye boodskap volgens Paulus (Romeine); Mattheus en die blye boodskap volgens Jesaja.

Sy uitgangspunt is telkens dat die beste aanknopingspunt juis geleë is in die groot verskille tussen Islam en die Bybel soos byvoorbeeld die sondigheid van die mensheid, die

behoefte aan 'n Verlosser, die plaasvervangende lyding en sterwe van Christus en die betekenis van die openbaring.

In die tweede deel handel dit eerstens oor die vraag hoe mens vanuit 'n Bybelse perspektief Islam as verskynsel moet verstaan en as godsdiens moet verklaar. Dit handel dus oor die raaisel van Islam en historiese ontstaansoorsake word aangetoon.

In die tweede plek word beklemtoon hoe belangrik 'n kennis van Islam is vir iemand wat die evangelie aan hulle wil oordra. Ten slotte word 'n aantal reaksies van Moslems op radio-uitsendings weergegee.

Die boekie is van praktiese belang vir alle sendingwerkers onder Moslems. In die bestek van een uur wat dit neem om die boek te lees, kan mens deel in baie jare van praktiese ervaring wat die skrywer van hierdie soort werk het.

D Crafford

A J Smuts (red), *Die predikant as ampsdraer en mens*. (Praktiese Teologie in Suid-Afrika, I). NG Kerkboekhandel, Pretoria 1986, 68 pp. Prys R7,20.

"Die predikant as ampsdraer en mens" is die eerste deel van 'n nuwe publikasiereeks op die vakgebied Praktiese Teologie (Diakonologie), uitgegee onder die naam "Praktiese Teologie in Suid-Afrika". Laasgenoemde vorm nou die mondstuk van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika, wat sedert 1968 jaarliks plaasvind en waarby teoloë uit verskillende kerke op hierdie vakgebied saamwerk.

Die bedoeling is om twee uitgawes per jaar die lig te laat sien. In die eerste sal al die referate wat jaarliks by die Werkgemeenskap gelewer word, gepubliseer word, terwyl die tweede jaarlikse uitgawe algemene artikels op dié betrokke vakgebied sal aanbied. Die voordeel van laasgenoemde uitgawe is dat dit 'n forum sal bied waar vakgenote en belangstellende wetenskaplik met mekaar in gesprek kan tree.

In die eerste uitgawe (1986), wat handel oor die predikant as ampsdraer en mens, word 'n vyftal baie insiggewende artikels aangebied. Professor C J H Venter, van die Teologiese Skool op Potchefstroom, behandel met groot bekwaamheid die Nuwe-Testamentiese fundering vir die amp van predikant. Besonder aktueel in hierdie tyd van ampsverwarring is sy beklemtoning dat die roeping van die predikant altyd een is "tot die diens van die Woord", hoewel dan in verskillende gehaltes. Hy toon ook aan dat die tradisionele onderskeiding tussen die leer- en regeeronderrig nie eksegeties verantwoord kan word uit 1 Tim 5:17 nie.

Indien daar nog ooit by Sinodes, asook diensdoenende leraars, twyfel kon bestaan het oor die noodsaaklikheid van voortgesette teologiese opleiding vir die predikant, dan ruim professor B A Muller in sy artikel "Vorming en voortgesette opleiding van die predikant" dit op 'n deeglik verantwoorde wyse uit die weg. Maar dan moet sy kwalifisering ook wel deeglik in ag geneem word. Voortgesette teologiese opleiding behels veel meer as die blote **bywoning** van kursusse of teologiese verryking deur middel van nagraadse studie en navorsing. Dit vra eerstens sinvolle beplande kursusse volgens die behoeftes van predikante in die bediening. Dit vra ook van die predikante aktiewe en dinamiese toewyding en insette. Die uiteindelijke resultate van voortgesette teologiese vorming is niks minder nie as verdieping en verryking van die bestaande teologiese kennis van die predikant, die ontwikkeling van professionele vaardighede met betrekking tot sy bediening, die korrigering van bepaalde swak punte in sy teologiese mondering, die verbetering van die selfbeeld en optrede in en hantering van klein groepe en die verhoging van 'n persoonlike vaardigheid om sy boodskap te kommunikeer.

Van besondere belang is ook ds J T de Jong van Arkel se artikel "Persoonlikheid en

ampsgeskiktheid van die predikant". Hy benadruk die standpunt dat daar nie so iets is soos 'n tipiese of ideale predikant nie, maar aan die ander kant dat as amp en persoonlikheid nie by mekaar uitgebring word nie, die gevaar wesenlik is dat amp 'n bedreiging vir die persoonlikheid kan wees of dat persoonlikheid selfs 'n bedreiging en moontlike benadeling vir die amp kan wees. Die oplossing lê egter nie daarin dat besluite oor geskiktheid eensydig deur 'n persoon of kommissie geneem behoort te word nie, maar dat die evaluering 'n dinamiese proses moet wees waartoe die kerk (amptelik), die student/predikant, die gemeente, individuele gemeentelede en ook mense buite die gemeente meedoen. Die voorwaarde is egter dat dit 'n gesindheid sal dra waar dit nie gaan om oordeel en veroordeling nie, maar 'n poging om mee te werk aan wat "geskik maak".

Ruimte ontbreek om die ander twee baie aktuele bydraes (professor A J Smuts (redakteur)): "Die huwelik en gesinslewe van die predikant" en dr J A van Biljon: "Die predikant en die eise van die tyd", te bespreek.

Toepaslike bronnelyste word by al die bydraes voorsien. Die boekie word hartlik aanbeveel vir alle predikante asook geïnteresseerde lidmate. Dit behoort ook by elke Teologiese Fakulteit voorgeskryf te word.

Die versorging van die boekie sowel as die inhoud is keurig en ten spyte van die sterk akademiese inhoud. lees dit maklik en vloeiend.

A H Botha

Gestremdesorg: Wat doen die NG Kerk? Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid, Pretoria 1986, 97 pp. Prys nie vermeld nie.

Die AKDB het hom ten doel gestel om publikasies daar te stel wat lig werp op verskillende aspekte van die kerk se diens van barmhartigheid en om dit op so 'n wyse te doen dat die koste van elke publikasie so laag as moontlik gehou word. Gevolglik word die boekies in getikte vorm voorberei en van 'n netjiese omslag voorsien. Op hierdie wyse is nou al meer as een werkjie gepubliseer, waarvan drie hier bespreek word. Gesien in die lig van die steeds stygende pryse van boeke is dit 'n voorbeeld wat oorweging en navolging verdien.

Die boekie "Gestremdesorg" val in twee dele uiteen. Die eerste 54 bladsye daarvan bestaan uit 'n oorsig oor die verskillende georganiseerde dienste wat deur die kerk op die gebied van verskillende gestremdhede gelewer word. Dit is geskryf deur 'n deskundige op hierdie gebied, prof. T. Pauw. Hy bespreek die hulp wat aan gesigs-, gehoor-, neuraal- en verstandelik-gestremdes gebied word. Diegene wat nie in noue kontak met hierdie werksaamhede van die kerk leef nie, sal ongetwyfeld verras wees om te verneem van die groot werk wat op hierdie gebied gedoen word.

In die tweede gedeelte bespreek dr. E.A. van Niekerk liggaamlike gestremdheid. Hy wil veral leiding aan adolessente wat ernstig beseer of verwond is, sowel as aan hulle ouers gee. In die oorlogsituasie waarin ons tans verkeer, is dit 'n saak van toenemende belang. Uit sy wye ervaring as hospitaalkapelaan skryf hy met insig en begrip oor hierdie moeilike onderwerp.

Hierdie boekie is dus nie net van waarde om kennis te versprei omtrent wat deur die kerk gedoen word nie, maar kan ook met vrug in die hand van persone wat direk met sulke probleemsituasies in hulle eie lewens of huisgesinne te doen het, geplaas word.

A.J. Smuts

A.H. Botha. *Homoseksualiteit: Wat sê die Kerk?* Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid, Pretoria 1986, 86 pp. Prys nie vermeld nie.

Homoseksualiteit geniet in ons dag wye aandag. Dit wissel van 'n siening en propagering daarvan as 'n alternatiewe lewenswyse waarmee niks verkeerd is nie tot aigehale afwysing daarvan. Om groter duidelikheid hieromtrent te kry, is 'n studie onderneem wat aan die Algemene Sinode in 1986 voorgelê is. Die doel daarvan was nie om 'n volledige bespreking van homoseksualiteit te probeer gee nie, maar veral om duidelik te maak wat die standpunt van die Bybel daaromtrent is en wat die houding van die kerk dus behoort te wees.

Die persoon wat gevra is om hierdie studiestuk voor te berei, is dr. A.H. Botha, sekretaris vir die Diens van Barmhartigheid van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Transvaal. Hy was 'n vanselfsprekende keuse vir hierdie opdrag. Hy het naamlik 'n aantal jare gelede aan UP gepromoveer op grond van 'n proefskrif oor die pastorale versorging aan die homoseksuele persoon en het sedertdien op hoogte gebly van die steeds veranderende situasie ten opsigte van homoseksualiteit in ons land. Hy het ook 'n werkie met die titel "Pastorale Sorg aan die Homoseksueel" die lig laat sien.

Vir iemand wat graag wil weet wat die standpunt van die Bybel en van die Ned. Geref. Kerk ten opsigte van hierdie saak is, bied hierdie boekie die nodige inligting.

A.J. Smuts

Diakonia en Koinonia: Die diakonaat en die gemeenskap van die heiliges. Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid, Pretoria 1986, 118 pp. Prys nie vermeld nie.

In die geskiedenis van die kerk se diens van barmhartigheid vorm 'n hele reeks groot kongresse oor verskillende temas bakens langs die pad. Jaarliks word ook op kleiner skaal sinodale konferensies van diakens gehou. 'n Algemene Diakonale Konferensie wat in 1985 gehou sou gewees het, is beplan, maar as gevolg van allerlei omstandighede kon dit uiteindelik nie plaasvind nie. Die referate wat by daardie geleentheid gelewer sou word, was egter reeds opgestel. Daar is toe besluit om hierdie referate te publiseer — en dit het nou onder die titel "Diakonia en Koinonia" verskyn. Selfs die openingsrede van die kongres, wat deur prof W.L. Mouton van die Universiteit van die O.V.S. gelewer sou gewees het, is daarin opgeneem.

Die boek bestaan verder uit vier bydraes, onder die opskrifte:

- *Die koinoniale aard van die gemeente (prof. J.J. de Klerk)
- *Die koinoniale nood van die mens van vandag (dr. J.M.G. Prins)
- *Die koinoniale amp en die Ned. Geref. Kerk (prof. E. Brown)
- *Die koinoniale dienste (gestaltes) (dr. A.H. Botha)

Elkeen van die skrywers belig die tema vanuit 'n ander hoek. Daar is prinsipiële, historiese en praktiese gesigspunte. Hoewel deeglike werk gedoen is en behartigingswaardige dinge gesê word, bring hierdie feit egter mee dat dit soms nogal moeilik is om die sentrale lyn in die oog te hou. Op die terrein van die diakoniek, waar literatuur maar skaars is, bied hierdie publikasie egter 'n gewaardeerde bydrae.

A.J. Smuts

Die Diakonaat en die Alkohol- en Dwelmafhanglike, Algemene Kommissie vir die diens van barmhartigheid, 1986, 186 pp. Prys nie vermeld nie.

Die CAD-handleiding word hiermee as hersiene monografie gedruk. Hier het ons 'n teoreties verantwoorde en op die praktyk afgestemde handleiding wat met groot vrymoedigheid in die hand van elkeen wat met die alkoholisme en die dwelmafhanglike te make het, gestel kan word. Daarby is dit baie simpatiek geskryf en spreek van die ervaring met hierdie werk. Die insigte is tegelyk diep ingebed in die Christelike geloof.

Die werk bestaan uit vyftien hoofstukke waarin die volgende behandel word: 1. Die verhaal van die kerk se betrokkenheid; 2. Die stem van die kerk (Die Ned Geref Kerk se standpunt oor alkoholisme); 3. Hoe word die alkoholisme uitgedruk?; 4. Godsdienstige aspekte van alkoholisme; 5. Die psigo-fisiese ontwikkeling van alkoholisme; 6. Die maatskaplike aspekte van alkoholisme; 7. Die huisgesin van die alkoholisme; 8. Die alkohol-afhanklike vrou; 9. Afhanglikheid van medisyne en dwelmmiddels; 10. Motivering deur krisisingryping; 11. Behandeling van die chemies-afhanklike persoon; 12. Nasorg en heraanpassing; 13. Die Christelike Alkoholiste-Diens (CAD); 14. Die Christelike Alkoholiste-Bond (CAB) van die Ned Geref Sendingkerk in SA; 15. Voorkoming van chemiese afhanglikheid. Daar word ook 'n literatuurlys gebied en 'n lys met adresse waarheen alkoholiste verwys kan word of waar hulp verkry kan word.

Daar word 'n wye veld gedek. Die probleem van alkoholisme en dwelmverslawing word eers geteken. Daarop word al die godsdienstige, maatskaplike en psigo-fisiese aspekte rondom die probleme aangegee. Ook word aandag gegee aan die persone wat op een of ander manier betrokke is by die alkoholisme. Die behandeling van die alkoholisme en die dwelmafhanglike kry 'n besondere aksent, maar ook die nasorg en voorkoming. Deurgaans spreek 'n kennis, 'n ervaring en 'n simpatieke aanvaarding wat beïndruk.

Die boek is maklik geskryf en is dus toeganklik nie net vir die akademikus nie, maar juis ook vir enige persoon. Dit is baie geskik om in groepe bestudeer en bespreek en toegepas te word. Op gekonsentreerde wyse, maar tog oorsigtelik, word 'n menigte informasie en skoling gebied. Sterk aanbeveel.

A C Barnard